PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT
PRIVAATSAK X53
PRINS ALBERT
6930

# DIREKTORAAT : GEMEENSKAPSDIENSTE

# VAKATURE: LEWENSREDDER / OPSIGTER BY MUNISIPALE SWEMBAD – 3 POSTE

**INTERNE EN EKSTERNE KENNISGEWING**
**KENNISGEWING NR 148/2019**

Skriftelike aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm, word hiermee ingewag van persone wat oor die nodige kwalifikasies en ondervinding beskik vir aanstelling as: **LEWENSREDDER / OPSIGTER BY DIE MUNISIPALE SWEMBAD - 3 POSTE**

**VEREISTES**

- Graad 10;
- Moet kan swem. (Daar sal van applikante verwag word om 'n praktiese swemtoets te ondergaan )
- 'n Geldige Lewensredder sertifikaat sal in u guns tel;
- 'n Geldige Vlak 2 Noodhulp sertifikaat sal in u guns tel;
- 'n Geldige Kode EB Rybewys sal in u guns tel;
- Ondervinding as Toesighouer;
- Goeie interpersoonlike vaardighede en menseverhoudings;
- Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels;
- Geen kriminele rekord;
- Goeie gesondheid;
- Bereidwilligheid om skofte te werk

**PLIGTE:**

- Verantwoordelik vir veiligheid van gebruikers en perseel in- en om die munisipale swembad;
- Hanteer basiese instandhoudingstake by swembad- en terrein;
- Hanteer toegangsbeheer;
- Verantwoordelike vir sekuriteit by swembad;
- Bereidwilligheid om skofte te werk;
- Opstel van verslae rakende skofroosters, bywoningsgetalle by swembad, byhou van bate- en voorraad registers;
- Bereidwilligheid om kursusse as Lewensredder by te woon en aanbied van sessies rakende veiligheid by Swembaddens;
* Toepassing van Noodhulp indien nodig;

**SALARIS**: **R53.92 PER UUR – ALLES INSLUITENDE TARIEF**

**STATUS VAN POS**: **KONTRAKPOS VIR 8 MAANDE PER JAAR (SEISOENAAL)**

**SLUITINGSDATUM**: **VRYDAG, 13 SEPTEMBER 2019**

Aansoeke op die voorgeskrewe aansoekvorm met gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies en identiteitsdokument moet gerig word aan **ME. DEBBY MOONEYS-PERSONEEL AFDELING**, Privaatsak X53, Prince Albert, 6930, Tel. 023-5411 036, voor of op **VRYDAG 13 SEPTEMBER 2019**.

Prince Albert Munisipaliteit is 'n gelyke indiensneming-wergewer en moedig gestremdes, persone uit voorheen benadeelde groepe en veral vroue aan om aansoek te doen. Die Munisipaliteit behou die reg om geen aanstelling te maak nie. Gunswerwing sal 'n kandidaat diskwalifiseer.

**Indien u nie binne 30 dae na die sluitingsdatum van die Munisipaliteit 'n skrywe rakende die aansoek ontvang het nie, kan u aanvaar dat u aansoek onsuksesvol was.**

PRINCE ALBERT MUNISIPALITEIT
PRIVAATSAK X53
PRINCE ALBERT, 6930
TELEFOON NO: 023 – 5411036/014
FAKS NO: 023 – 5411321
E-Pos Adres: debbiem@pamun.gov.za

**ANNELEEN VORSTER**
**MUNISIPALE BESTUURDER .**

**26 Augustus 2019**